



Geregistreerde
finansiële
diensverskaffer

FDR LISENSIE NO
FSB LICENCE NR 11048

MY MAKELAARS
MY BROKERS

1996/020487/23

Die
The



klop van jou geldsake
beat of your finance

Uitgawe 2 2018

Beste kliënte,

Die winter het vinnig en koud begin en baie van ons is of was siek met die ewige winterplae – verkoue en griep. Aan die positiewe kant is die nagte langer, slaap jy meer en is kaggels, kniekomberse en kuiertyd deel van die seisoenverandering.

In hierdie uitgawe sluit ek 'n paar van Theo Vorster se wolhaarstories oor beleggings in. Ek heg ook 'n oulike opsomming van Ou Mutual aan oor die betekenis van al die belastingsertifikate wat uitgereik word. Al die "IT"-vorme kan jou deeglik deurmekaar maak, maar hierdie uiteensetting verduidelik alles sommer mooi.

Onthou ook inkomstebelasting-opgawes moet drie weke vroeër ingedien word! Die ontvanger sukkel seker soos baie van ons om sy begroting te laat klop!

Daar is steeds maniere hoe jy bietjie op Jan Taks se bydraes kan spaar. Jy kry afslag as jy bydra tot jou eie aftrede – tot 27½ % van jou bruto inkomstel! Boonop is alle groei in 'n uittredingsannuïteit ook belastingvry.

Dan is daar ook jou R 33 000 besparing op die belastingvrye spaarplanne wat jy kan benut.

Skakel ons gerus sodat ons weer sommetjies kan maak om jou aftrede te verbeter en jou belasting te verminder.

Bly warm met sop en sjerrie!

Groete tot volgende keer.

Annekie Kern



Annekie Kern

082 530 9229

annekie@mybrokers.co.za

LEDE

HR du Plessis BA IQA; AM E Kern BA HOD; L du Plessis BA; JI Olivier; AS du Plessis; A de Ronde

Ons spesialiseer in:

- Testamente en boedelbeplanning
- Aftredebeplanning (aftreeannuïteite en pensioenfondse)
- Na-aftrede beplanning (lyfrente en lewende-annuïteite)
- Beleggingbeplanning
- Langtermyn versekeringsdekking (lewensdekking, ongeskiktheidsdekking, traumadekking)
- Inkomstebeskerming
- Mediese fondse

Om die braaivleisvure hoor jy gereeld stories wat jy sommer weet snert is, soos die ou wat vertel van die monsterekkel wat hy aan die Namibiese ooskus gevang het.

Behalwe vir rugby en politiek, is beleggings sekerlik die volgende vakgebied waarin perde-mis gereeld as vye voorgehou word— en dit nie net deur amateurs nie, maar ook deur die magdom kwasi-kundiges daar buite.

Hier is so 'n paar beginsels wat jou sal help om nie vir die wolhaarstories te val nie.

1. Daar bestaan nie iets soos 'n risikovrye belegging of risikovrye opbrengs nie.

Alle beleggings, opbrengste of waarborge het die een of ander vorm van risiko daaraan verbonde. Die is vraag is of jy die risiko verstaan en of jy genoegsaam vir die neem van daardie risiko vergoed word.

Tegnies is die belegging met die laagste risiko in die land ons eie staatseffekte (RSA Retail Savings Bonds), wat tans teen 'n opbrengskoers van sowat 8.5% verhandel. Enige verwagte of vereiste opbrengs bo dié 8,5% gaan met die neem van addisionele risiko gepaard.

As jy dus 'n 12%-opbrengs wil verdien, neem jy addisionele risiko—'n groter risiko as die risiko dat die staat nie sy verpligtinge kan nakom nie, en moet jy seker wees dat die ekstra opbrengs jou vir die groter risiko vergoed.

2. Hoe langer jy 'n groeibate besit, hoe groter is jou kans op sukses.

Groeibates koop jy omrede die bate die inherente vermoë het om oor tyd waarde te



genereer. Dit sluit in 'n belang ('n aandeel) in 'n onderneming, genoteerde eiedom, 'n boerdery, kuddediëre en so meer, wat oor 'n periode van tyd self 'n opbrengs kan genereer.

Korttermynprysbewegings is net van belang as jy in bates belê wat nie die inherente vermoë het om inkomste of groei te genereer nie—soos haaitande, goud, kripto-geldeenhede, Oosterse kleipotte en ou munte. Bates wat die vermoë het om inherent te groei sal uiteindelik waarde vir die eienaar ontsluit.

3. Eenvoudige laekoste-beleggings klop gewoonlik duur, gekompliseerde strukture.

Hoe meer gekompliseerd 'n struktuur is, hoe hoër is die koste binne daardie struktuur opgesluit.

Uiteraard is daardie kostes 'n meganisme om kapitaal van die belegger na die beleggingshuis en agent te skuif.



Invest in your future, visit our website:
www.mybrokers.co.za

Find us on Facebook: www.facebook.com/mymakelaars



Oor lang periodes kry die oorgrote meerderheid van aktiewe beleggers en gekompliseerde strukture dit nie reg om eenvoudige laekoste-indeksfondse te klop nie. Navorsing dui daarop dat slegs nagenoeg 20% van aktiewe fondsbestuurders daarin slag om die indeks oor langer periodes te klop.

Indien 'n mens die markopbrengs kan kry teen 'n lae koste, behoort jy makliker jou finansiële doelwitte te bereik eerder as om die volgende korttermyn-toppresteerder onder batebestuurs te probeer najaag.

4. Om te steun op jou vermoë om dinge vooruit te raai, is sinloos.

Selfs al raai jy 'n paar keer reg, maak dit jou nie 'n kundige nie, dit kan steeds bloot geluk wees. Soos die spreekwoord sê, 'n gebreke horlosie is twee maal op 'n dag ook reg.

Om waarde uit 'n voorspelling te put moet daar 'n hele paar dinge vir jou in plek wees. Die mark of ander beleggers moet dit geensins verwag nie (anders is dit mos reeds in die prys verdiskonteer); jy moet reg wees (as jy verkeerd is, verloor jy in elk geval); en dan moet jy ook reg wees oor hoe die ander markspelers op die verrassing gaan reageer.

Dit is baie veiliger en minder moeite om by die langtermynbeginsels te bly as om daarop staat te maak dat jy altyd al drie die vroeë reg gaan antwoord.

5. Diversifikasie is die naaste wat jy kan kom aan die “eend wat die goue eiers lê”.

Die kern van diversifikasie is om jou portefeulje te versprei tussen verskillende bronne van groei, inkomste en risiko.

Dié vertrekpunt sluit dan verspreiding in tussen bateklasse (aandele, eiendom, kontant, effekte en kommoditeite), binne bates (verskillende maatskappye se aandele, byvoorbeeld) en tussen lande en geldeenheide.

Maak ook seker dat jy oor tyd diversifiseer, byvoorbeeld deur op verskillende tye te belê en onttrek. (Jy bereik dit maklik met 'n maandelikse debietorder in 'n indeks- of effektrustfonds, wat beteken jy belê op verskillende tye in die mark, byvoorbeeld.

6. Om te hou by jou strategie is jou grootste vriend om jou verlangde doelwit te bereik.

Jou emosies is jou grootste vyand en jy moet dit bestuur. Die enigste strategie wat vir jou belangrik is, is die een wat jy gekies het om in werking te stel, mits jy daarby hou.

Emosionele korttermyn-rondspringbesluite is gewoonlik die rede waarom mense aan 'n spaar- of beleggingstrategie begin twyfel en dan afwyk van daardie strategie.



Charlie Munger (Warren Buffett se vennoot) stel dit mooi: "Jou grootste vyand is daardie persoon wat elke oggend in die spieël na jou terugkyk."

Hier is waar 'n finansiële adviseur seker die meeste waarde kan toevoeg deur te dien as 'n klankbord en seker te maak dat jou emosies nie jou logika oorskadu nie— behalwe natuurlik as jou adviseur juis die persoon is wat om die braaivleisvuur sy/haar voorspelling as kundigheid prober verpak!



REMINDER OF UPCOMING DISTRIBUTION OF TAX CERTIFICATES

Please note that all relevant Old Mutual Wealth tax certificates will be **distributed by 30 June 2018** in time for the SARS filing season that begins on 1 July 2018.

IRP5/IT3A

Tax triggered by the annuity payment and redemption instructions.

IT3B

Details of investment income earned on the unit trust funds during the year which are subject to Income Tax

IT3C

A summary of the unit trusts sold during the year which resulted in Capital Gains or Losses

IT3F

A summary of the retirement annuity contributions made during the tax year

IT3S

A summary of various events that occurred during the tax year on the Tax Free Investment

APPLICABLE INVESTMENT VEHICLES

Old Mutual Wealth
Linked Retirement
Income

Old Mutual Wealth
Linked Investment
& Old Mutual
Wealth Life
Wrapped
Investment

Old Mutual Wealth
Linked Investment

Old Mutual Wealth
Retirement Annuity
Investment

Old Mutual Wealth
Tax Free
Investment

